



## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 34 - Deel twee

**Daarom het Hy beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop.**

Matteus 28:19 "*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels:*" Diegene wat glo in God, is deel van die volk van God. Hierdie nuwe bestaanswyse word ook aangedui deur te verwys na die kerk en lidmate as "*eiendom van God*". Gelowiges is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Die kerk en die lidmate is "van God", met ander woorde God se eiendom. Hierdie bestaanswyse kom na vore in die manier waarop hierdie volk van God hul lewens inrig. Daar is geen fisiese kentekens wat gebruik kan word om hierdie eiendom van God te identifiseer nie. Daar is geen liggaamlike eienskap wat God se volk uniek maak nie. Net soos die onsigbare (ware) kerk nie deur mense uitgeken kan word nie, net so is die merktekens van God se eiendom nie 'n fisies permanente teken nie.

Daarmee saam is die manier van die teken aanbring nie juis opspraakwekkend nie. Die dissipels van Jesus moet met gewone water gedoop word, met die water wat daar plaaslik beskikbaar is. Al sou daar 'n debat kon wees oor die volume water (Besprinkel, uitgiet, neersak, onderdompel), is dit duidelik dat die nie "heilige water" of water uit die Jordaan rivier hoef te wees nie. Die Roomse kerk glo tot vandag toe dat 'n ampsdraer (priester of biskop) water kan seën en dat die water dan geheilig is en as sodanig gebruik kan word. Met die

seën van die water word die water volgens hulle verander na heilige water. Hierdie water se inherente karakter het volgens hulle verander. Dit is met hierdie heilige water wat mense dan gedoop word. Gelukkig het die Reformasie hierdie stukkie bygeloof afgeskud. Die krag van die gebeurtenis is nie in die water gesetel nie en daarom is gewone water goed genoeg.

**Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel:**

Dit is belangrik om die denkyne op die regte manier te verbind. Vir die doel begin die NGB by die blatant sigbare en duidelike en beweeg dan na die inwendige. Die sigbare is slegs teken van die onsigbare, en dien as voorbeeld van die soortgelyke proses wat innerlik geskied. In baie visuele taal word ons in denke gelei daartoe om te sien hoe gietende water 'n vuil liggaam afwas. Dan word die beeld verbind aan 'n doop handeling. Die veronderstelling is dat die dopeling vuil is en dat water die dopeling kan skoonwas. Die feit dat die vuil (sonde) innerlik is, maak dat daar net simboliese water storting nodig is en dit geskied deur de besprinkeling met water. Die uiterlike giet van water is 'n simboliese handeling en dui op 'n innerlike gebeurtenis. Kom ons verpoos vir 'n oomblik by die begrip, "simboliese handeling". Enige sodanige handeling is 'n handeling wat uitgevoer

word as simbool of teken van iets anders. Die kenmerkende van die simbool is dat die simbool nie dieselfde dimensies as die aangeduide hoof aan te neem nie. Wanneer daar in poëtiese taal gestel word dat die lotus-lemmetjie simbolies is van die heelal, is dit duidelik dat daar geen volume verband tussen die twee is nie. Op soortgelyke wyse is die water se simboliek in die handeling opgesluit en nie in die volume water nie.

Net soos die water simbolies skoonwas, net so was die bloed van Jesus Christus die mens se wese (siel, gees) skoon van die vlek van sonde, en dit deur die werking van die Heilige Gees.

**dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word.**

Die simboliese taal moet hier deurgaans in ag geneem word. Die mens se wese (sy diepste sondaar binnekant) word aangeraak deur die uiterlike van die doop. Die vlek van die sonde word metafores aan vuilheid verbind om aan te dui dat dit nie daar hoort nie. Die sonde maak dat ons onder die toorn (oordeel) van God gebore word. Net soos die waterdruppels uiterlik op die dopeling val, net so werk die Heilige Gees onsigbaar op so 'n manier dat die dopeling wedergebore word. Die metafoor van wedergeboorte is hier uiters bruikbaar. Geen mens het beheer oor sy eie geboorte nie, dit is 'n onkeerbare natuurproses. Net so is die wedergeboorte 'n gawe van die Gees en geen menslike poging of prestasie nie..

**Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed**

**van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Faraos, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die geestelike land Kanaän in te gaan.**

I Korintiërs 10:1-4 "*Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.*" Die simboliese taal word hier ruim gebruik om moeilike begrippe duidelik te maak. Die paar druppels water van die doop word nou op metafores manier verbind aan die tog deur die Rooisee. Daar is duidelike lyne wat getrek word in hierdie gedeelte. Die slawerny in Egipte word hier (soos elders ook) in verband gebring met die slawerny van die sonde, die mens se verkneegtheid aan die Satan. Die beeld nie logies deurgevoer nie, en tog lê daar groot waarheid in die spel met woorde. Die Israeliete het droogvoets tussen dreigende water beweeg, terwyl die kop en hare van die dopeling juis nat gemaak word. Waar die reis deur die woestyn vir Israel gewag het, wag daar 'n lewe in die sondige wêreld voor vir die dopeling. Die ewige Kanaän van die Christene breek aan by die wederkoms.

**Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament dit wat sigbaar is, maar ons Here gee wat deur die sakrament aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes:**

Daar is twee partye betrokke by die bediening van die Doop aan die

dooplinge. Aan die een kant is daar die bedienaars van die Woord. Dit is daardie persone wat deur God geroep en afgesonder is om Sy werk te doen. Dit is een van die voorregte van die bedienaars dat hulle die Doop mag bedien. Die uiterkike tekens van die Doop saam met die formulier, dui op die dieper en meer belangrike gebeurtenis. Die uitwendige tekens van die Doop dui op die Here self wat die onsigbare genadegawes aan elke persoon gee. God rus die bedenaar toe en staan self in vir die dieper betekenis wat ons aan die Doop mag koppel.

God se genade is nie 'n verhandelbare item wat aan mense gegee of oorgedra word nie. Ons verwys na "God se genade" as daardie gesindheid wat God het teenoor ons as Sy kinders. Die Doop as teken van God se genade is met ander woorde teken van God se goeie guns wat maak dat Hy ons sondes vergewe. In die volgende sinne word duidelik gemaak dat God se handeling van genade (toegeneentheid) allesomvattend is.

#### **Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid;**

Die eerste metaforiese verwysing is een wat dui op die mens se wese en die feit dat God die mens in sy diepste wese rein maak. Die woorde "suiwer en reinig" staan teenoor "vuilheid en ongeregtigheid". Die mens se siel verwys na sy gemoed en diepste ervarings. God begin daar, in die diepste wese van die mens, God maak daar skoon en suiwer.

#### **Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting;**

Van die diepste wese van die mens werk God ook verder in die hart as die setel van emosies. God gee 'n nuwe stel emosies.

Emosies gebou op vertroosting en nie meer op magtelose moedeloosheid oor die verlore stryd teen die sonde nie.

#### **Hy gee ons egte sekerheid van sy Vaderlike goedheid;**

Waar ons twyfel en in onsekerheid lewe, is dit God self wat ons anker in die sekerheid van Sy goedheid. Hy werk in ons harte en verwyder alle twyfel wat ons iewers kan hê'. Hy is goed, en Hy is goed vir ons. Hy is ons goeie Vader, en dit is deel van die waarborg wat ons ontvang by die Doop.

#### **Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.**

Die laaste sin wat die allesomvattende versorging van God aandui verwys na die ou en nuwe mens. God se genade is altyd sigbaar. By die sondeval het die mens 'n eerste lompe poging aangewend om van blare klere te bewimpel. God gee daar aan die mens klere van vel. Met die wederkoms sal elke een van Sy kinders die nuwe kleed aantrek. Die Doop is 'n simboliese uittrek en aantrek van die mens. Die sonde wat soos 'n jas aan die mens kleef, word deur die Doop verwyder. Daarmee saam word die ou mens uitgetrek. God trek dan die jas van geregtigheid vir die mens aan en so word ons dan begenadigde sondaars.

#### **Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie.**

Die eenmaligheid van die Doop is 'n saak wat met groot erns benader moet word. By die Doop word die dopeling ingelyf by

die skare wat vir die ewige lewe bestem is. Doop dui op die ewige toekoms saam met God. Daar is reeds verwys na die doop as die wedergeboorte van die mens. Wedergeboorte is soos geboorte 'n eenmalige gebeurtenis. Om in die ewigheid ingebore te word, beteken dat 'n verdere doop dui op 'n afsterwe (van wat?) en nog 'n wedergeboorte. Dit kan tog nie gebeur nie. Die Doop is onlosmaaklik gekoppel aan die sterwe en opstanding van Jesus Christus. Iemand wat saam met Hom gesterf het en opgestaan het (Doop), is klaar deel van Sy heerlike ewigheid. Dit was met ander met goeie rede dat die Protestante so fel kritiek gelewer het op die Anabaptiste. Dit maak dit verstommend om vandag mense te sien wat hulle Doop minag en dan weer groot gedoop word.

**Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe.**

Die werking van die Doop is nie vasgevang in die oomblik nie. Dit het 'n drakrag wat vir meer as net hierdie lewe geld. Die nut van die Doop is dat die persoon wat gedoop is vir sy hele lewe lank troos kan vind in die wete van daardie gebeurtenis. Luther het in oomblikke van sielstryd telkens troos gevind in die woorde "ek is gedoop".

**Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie, en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel.**

Teen die agtergrond reeds bespreek, is dit duidelik dat die Wederdopers se benadering nie Bybels regverdig kan

word nie. Neem in ag dat die bewoording hier wel skerp is in die sin dat die Wederdopers se denkwysse 'n dwaling genoem word. Dwaling verwys na wanbegrip, op die verkeerde pad te wees. Dit kom neer op 'n standpuntinname wat nie in die Skrif teruggevind kan word nie. In dieselfde asem moet die Wederdopers se afwys van suigelingdoop verwerp word.

**Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is as wat aan ons kinders gemaak is. APK vertaling " *terwyl ons glo dat hulle gedoop en met die teken van die verbond verseël moet word, net soos die kindertjies van Israel besny is kragtens dieselfde beloftes wat aan ons kinders gedoen is*"**

Die NGB gaan een stap verder. Daar word duidelik gestel dat suigelinge gedoop behoort te word. Dit moet duidelik gestel word dat hier net sprake is van kinders van gelowiges.

Hierdie kinders se stand binne die nuwe verbond word gelyk gestel aan die kinders van die ou verbond. Anders gestel, die verbond tussen God en Sy kinders maak dit 'n vanselfsprekendheid dat kinders gedoop sal word, net soos seuns besny is. Die verbondsbeloftes ("Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees"), is in beide gevalle dieselfde. By die Doop word daar met ander woorde sekere beloftes aan die kindertjies gemaak. God belowe om Sy genade oor hulle uit te stort, soos Hy deur eeue heen met Abraham se nasate gemaak het. Die Doop is die seël

dat ook ons kinders deur God in genade aangeneem word.

**En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie.**

Galasiërs 3:28 *"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus."*

Die teksvers aangehaal, illustreer die genade van God. Christus het mens geword om elke mens te red (nie almal word gered nie, maar die genade word aan almal aangebied). Waar die teks in Galasiërs op Jood en Griek fokus, wil die NGB net duidelik stel dat God se genade geen ouderdomsperk het nie.

**Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was.**

Die onderskeid wat hier beklemtoon word is die een tussen "ontvang" en "deelneem". Die Doop is 'n sakrament wat mense ontvang. Daar is in die bespreking

an die eerste gedeelte van hierdie artikel reeds daarna verwys. By die Nagmaal neem lidmate deel. By die Doop word mense "gedoop". God se uitgebreide opdragte in die Ou Testament word vervolgens in herinnering geroep deur te verwys na Levitikus 12:6 *"En as die dae van haar reiniging in die geval van 'n seun of 'n dogter verby is, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n jong duif of tortelduif as sondoffer bring na die ingang van die tent van samekoms, na die priester toe;"* Die NGB verbind hierdie offer aan die lyding en sterwe van Jesus Christus. Net soos al die ander offers van bloed het hierdie offer in vervulling gegaan met Jesus se dood aan die kruis.

**Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem**

Die besnydenis het die kinders van die Joodse volk afgesonder. Net so sonder die Doop kinders af van die wêreld en word die gedooptes tot God se kinders en God se volk verklaar. Die onlosmaaklike band tussen Ou Testament en Nuwe Testament, tussen besnydenis en Doop word deur hierdie woorde beklemtoon.